BEROEPENUUS– *24 Feb. 2013*

Beroepe ontvang

Ds. ASA de Bruyn van Wilropark na Rietvallei as medeleraar
Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Empangeni
Ds. C Jooste van Wonderboompoort na Heidelberg

Beroepe aanvaar

Prop RJ Pretorius na Buffeldoorns

Beroepe bedank

Ds. LJE Venter van Hoedspruit na Nigel

Eenheid in verskeidenheid in die ampsdiens – deur ds. RJ Visser

Die samewerking tussen diaken, ouderling en predikant is van groot belang, aangesien dit die opbou van Christus se gemeente raak. As kerkraadslede onderling begin stry oor wat die een of die ander se werk is, doen dit skade aan die opbou van die gemeente. Die vraag is eerder hoe die diaken byvoorbeeld met die ouderlinge en die predikant mag en moet saamwerk. Wat is die plek van die diaken in die kerkraad? Behoort die diaken by die kerkraad of is hy nie werklik deel daarvan nie? Hieroor het al talle gesprekke plaasgevind en is daar vele artikels geskryf. Sommiges meen dat die diakens in alles deel van die kerkraad behoort te wees en dat die kerkraad altyd saam met die diakens moet vergader. Daar is ook dié wat vanuit die verskil in ampte juis tot 'nander gevolgtrekking gekom het. Dit is goed om te kyk wat die Skrif, die belydenis en die geskiedenis daaroor sê.

Samewerking in die geskiedenis

Die kerkverband van Gereformeerde Kerke het in die tyd van die Reformasie in die Nederlande ontstaan. Aandag is gegee aan die samewerking tussen diaken, ouderling en predikant. Ons sien dit by die eerste vergaderinge wat tot kerkverbandelike samewerking gelei het. Die eerste vergadering waar die kerkverband vorm begin kry, isdie konvent van Wesel in 1568. Die artikels wat daar oor diakens se werk opgestel en aangeneem is, noem twee soorte diakens. Die eerste groep diakens het die taak gehad om geld in te samel en uit te deel. Van die ander soort diakens lees ons in hoofstuk V, artikels 6 en 7 die volgende: •Artikel 6: "Het ander deel zal meest bezig zijn omtrent zieken, gekwetsten, gevangenen, dewelke niet alleen moeten getrouw en vernuftig zijn, maar ook begaafd met ongemene kennis van vertroosting, en van Gods Woord, en naarstiglijk van de ouderlingen vernemen, wat hoe vele zieke en zwakke lidmate in hun wijken zijn, die met troost dienen ondersteund te worden." *Word vervolg*

KATEGISMUS- 450 jaar

Donderdag 14 Maart 2013 word ons uitgenooi na 'n gesprek oor die Kategismus wat DV sal plaasvind by die Gerf Kerk Oos-Moot. Dit begin om 16h00 en hulle beoog om 21:55 klaar te maak. Die program, al die tye, besonderhede en sprekers is op ons kennisgewingbord aangebring. Dit word sterk aanbeveel. Belangstellendes kan ook met ds. Petrus hieroor kontak.

26/02– Johanna Koen 0844027047	27/02– Ethel Foster 0813669304
26/02– Karien Raath 0833047008	28/02– Sanet Kilian 0825507061
26/02– Elsa Tredoux 0722309153	01/03– Margaretha Coetzee 0826559498
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk met u verjaarsdag

As jy met die onkunde van 'n ander spot, is jou kennis nie so uitgebreid dat jy jou eie onkunde besef nie–CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

24 Februarie 2013

EERSTE EREDIENS–(9h00)
(Opname erediens Radio Pretoria)
Skriflesing: Psalm 29;
Openbaring 10:1-4
Teks: Openbaring 10:1-4
Sing: Ps. 149:1,2; Ps. 38:1,17; Ps. 18:7; Ps. 68:3

LIED VAN DIE SEWE DONDERSLAE

Openbaring 10 lees ons dat die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, maar weet u, geliefdes, ons moet teruggaan na Psalm 29. So het die Jode Psalm 29 genoem. Die lied van die sewe donderslae. Ons het in die Psalm iets van 'n skildery van Openbaring 10. Ja, ons kan dit vir ons op 'n besondere wyse voorstel. Wanneer ons na Psalm 29 kyk dan is daar 'n aangrypende skildery maar rondom die skildery 'n baie besondere raam. Dit is hoe 'n mooi skildery moet wees, daar moet 'n kwaliteit raam daarrondom wees. Dit alles het Psalm 29 wat Openbaring 10 ook bevestig.

Die begin van die Psalm en die einde van die Psalm vorm die raamwerk. Verse 1 en 2 en verse 10 en 11 Vanaf verse 3-9 gebeur daar wat ons kan noem, sewe donderslae. Dit self is die skildery. Ons kyk dan eerste na die skildery, daarna die raam om hierdie skildery en dan kyk ons na alles in die geheel.

KATKISASIE– Katkisasie gaan normaal voort

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Efesiërs 2:1-10;
Jakobus 2:14-26
Kategismus: Sondag 24
Teks: Efesiërs 2:8-10; Jakobus 2:14, 17
Sing: Ps.92:2,3; Ps. 138:4; Ps. 25:1,5

GELOOF MOET GOEIE WERKE HÊ?!

Toon my jou geloof uit jou werke en ek sal jou uit my werke my geloof toon. En dan kom vers 20 – *Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is.* Dit is hoe Jakobus oor goeie werke skryf.

Wanneer die briewe van Paulus gelees word dan sê hy dat my werke kan my nie red nie. *Want uit genade is julle gered deur die geloof en dit nie uit julleself nie, dit is 'n gawe van God: nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.*

Hoe bring ons Jakobus en Paulus bymekaar. Dit moet vanoggend vanuit die Woord rondom die Kategismus gedoen word.

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 19 en 20
Ouderlinge: Jan Fanoy en Marius Coertze
Diakens: Henry Foster

Volgende Sondag– Wyke 21 en 22
Ouderlinge: Dawie de Bruin en Koos Venter
Diakens: Eugene Koole en Michiel Venter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Willie Buys ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Marietjie Minnaar** wat erge rugpyn moet deurstaan., dra ons ook op aan die Here vir beterskap as die operasie vroeg in Maart plaasvind. **Br Piet van der Kooi** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons vertrou dat die Here hom vanuit sy gesondheid terugslae sal sterk maak. Ons is dankbaar dat hy sy 80ste lewensjaar hierdie week kon vier. **Sr Esmé Coetzee** wat onlangs ook 'n operasie moes ondergaan word volledige herstel toegebid. **Sr Petro Riphagen** word DV 5 Maart weer geopereer. Mag die operasie goed verloop en geseënd wees. **Ds. Andries Mulder** is ons gebed waar hy tuis is hy na behore kan herstel. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Br Louw** het onlangs suksesvolle operasie aan sy een oog ondergaan. Ons vertrou dat die operasie aan sy ander oog net so geseënd mag wees. Sr **Cora Kruger** is ons dankbaar dat sy na Harmoniehof kon terugkeer. Ons vertrou dat sy nog verder mag aansterk. **Br. Phil van der Merwe (Suidkus)** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hy kry die laaste tyd baie swaar met sy gesondheid.. **Sr's Lenie Labuschagne en Hester van Vuuren** wat beide vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hulle is in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons bid ook vir **dr. Johannes Bingle,** broer van **sr Margaretha Coetzee** wat geruime tyd weer in die hospitaal moet deurbring. Mag die Here hom vanuit sy terugslae weer krag en gesondheid skenk.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Ramings Instand-houding
03/03/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
24/02	Radio Pretoria opname erediens en oordenkings
12/03	Finns -Advies verg.
14/03	Kerkraad verg.
20/03	Skole sluit

PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kinderhuis 'n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

ALMANAKKE–

Ons jaar kalenders vir 2013 is gereed. Dit kan by die konsistorie afgehaal word of anders moet u u ouderling daarna vra.

SUSTERS-SAAMTREK 2013

Die saamtrek van ons susters vind DV op 9 Maart 2013 plaas. Hierdie jaar word dit deur die susters van die Gerf kerk Akasia aangebied. Die tema vir die saamtrek is– *Gelowige vrou altyd diensbaar waar God jou in sy Koninkryk wil gebruik.* Die spreker sal wees dr. Mariana van Loggerenberg. Fanie de Jager sal as gaskunstenaar optree. Koste is R100-00.

RADIO-PRETORIA UITSENDINGS

Die erediens vandag opgeneem, word DV op Sondag op 3 Maart uitgesaai. Die week van 28 Feb.—6 Mrt. sal daar 6 oggend-godsdiens uitsendings deur ds. Petrus waargeneem plaasvind. Ook die dag-opening en sluitings en huisgodsdienste deur van ons lidmate opgeneem sal in dieselde week plaasvind. Vroeg 'n dagopening, saans 'n vroegaand huisgodsdiens en dan op die einde van uitsendings 'n dagsluiting.

Daniël 11

Vervolg van verlede week

11:7-9: Die vermoorde Bernice se broer, Ptolemeus III Euergetes, het Sirië oorrompel en Seleuchis (die hawe van Antiochië) verower. Daarna neem hy Antiochië self in en oorwin Mesopotamië oorkant die Tigrisrivier. Dit is te verstane dat hy `n geweldige groot buit versamel het om terug te neem na Egipte. Heel waarskynlik het hulle baie van Egipte se ou tempelvoorwerpe teruggeneem, wat byna 300 jaar tevore deur Cambyses na Babel geneem is. Met afgodsbeelde wat gebuit is, het hulle geglo dat die afgod ook gevange geneem is. Die koning van die Noorde het gevlug na agter die Taurus gebergte.

11:10 – Hierdie vers verwys na mindere verldtogte in die volgende tydvak, waarskynlik veral deur opeenvolgende Antiochusse, wat selfs weer Mesopotamië, Sirië en Israel aangeval het.

11:11-13: Die Ptolomeus van Egipte het `n leër van 75 000 man gestuur teen Antiochus se 78 000. Laasgenoemde is verslaan en het 10 000 soldate verloor by die slag van Raphia.
Ptolomeus word beskryf as `n lakse persoon, en dit is nie snaaks dat hy Raphia nie eers opgevolg het om sy vyande verder te verpletter nie. Hy het met sy losse lewe aangegaan. Sy genotsug en selfvoldaanheid was te groot. Antiochus het na die dood van Ptolomeus Philopater eers die Parters aangeval en toe weer Egipte ingeval. Met hierdie veldtog het hy die hele Israel onder sy magsgebied geplaas.

11:14 – Van die Israeliete sal deel hê aan `n opstand teen Egipte. Die **gesig** waardeur hulle aangemoedig is in hulle opstand, word deur sommiges gesien as `n moontlike gesig van Daniël, wat nie bewaar gebly het in hierdie boek oor hom nie.

11:15 – Ptolomeus se generaal, Scopas, het in Sidon teruggetrek, en is lank daar beleër deur Antiochus se magte. Verskeie ekspedisies uit Egipte het misluk, en Scopas moes oorgee.

11:16-17: Antiochus die Grote het deur Sirië sy oorwinnings gevoer teen een na die ander vesting, en selfs Israel ingeneem. Dit alles was met die oog op `n inval in Egipte, maar die Romeine se oorwinnings het hy van plan verander, want selfs Philippus van Macedonië het voor die nuwe gevaar geval.
Sy nuwe plan was om Ptolemeus as bondgenoot te kry. Daarvoor het hy aan die Egiptenaar sy dogter Cleopatra as vrou gegee, met `n deel van Sirië as bruidskat. Antiochus het gedink sy dogter sal vir hom `n spioen daar wees en dat hy Egipte se beleid kan dikteer. Sy was egter getrou aan haar man. Toe Antiochus se leërs val voor Rome, het sy saam met haar man gelukwense aan Rome gestuur.

11:18-19: Ook hierin was die openbaring presies. Antiochus het gebruik gemaak van Philippus van Macedonië se val, deur Griekse eilande te verower. Die Romeine het ge-eis dat hy onttrek. Hy het geweier, en daarop is hy uit Europa verdryf en totaal deur Lucius Scipio verslaan by Magnesia. Hy moes al sy besittings wes van die Taurusberge afstaan.
Antiochus moes die kostes van die oorlog aan Rome vergoed. Hy val `n Jupiter tempel by Elymais aan, en word totaal vernietig, soos sy seun Antiochus Epiphanes ook later.

11:20 – Seleucus Philopator volg daarna vir Antiochus op. Hy word "geldinsamelaar" genoem, want hy moes nou die oorlogskuld van sy voorganger byeenkry. Ook Israel is gepla om die skulde te help betaal – die "pragtige land". Hy het vir twaalf jaar regeer, wat veel minder was as sy pa se regering, maar veel langer as sy broer Epiphanes. Skynbaar is hy in `n sluipmoord dood.

11:21-24: Probleme met die gebeure wat van daardie tyd af bekend is, maak dat die volgende van hierdie vers gemaak word: Daar word vermoed dat die eerste deel praat van die vermeende sluipmoordenaar van Antiochus, en die tweede deel van die opvolger Antiochus Epiphanes.
Waarskynlik het Epiphanes geslaag om die troon te wen, as gevolg van `n verbond van hom met `n ander vors, Eumenes. Laasgenoemde was gou ontnugter in sy hoop om voordeel uit die bondgenootskap te kry, want Epiphanes het in stryd met Egipte gekom. Rome het hom egter verplig om op te hou met die aanvalle.

11:25-27: Weereens soek Epiphanes geleentheid om Egipte te verower, en vind dit toe die Romeine nie slaag om Perseus, koning van Macedonië, te verslaan nie. Hy wou onder andere die dele van Sirië terug hê, wat sy pa saam met Cleopatra aan Ptolomeus gegee het. Die jong Egiptiese koning se generaals het `n goeie poging tot verdediging gemaak, maar Epiphanes het tog tot by Memphis gevorder. Die Egiptiese koning is gevang, en sy samesweerder broer het die troon bestyg. Egipte is verwoes. Weer is Epiphanes se vordering deur die Romeine gestuit.

11:28-30: Op die terugpad het Epiphanes die tempel in Jerusalem totaal geplunder. Sy twee nefies in Egipte het intussen hulle verskille bygelê, en die land saam regeer. Dit het Epiphanes se planne van oorheersing gefnuik.
Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

16 Feb. 1838– Dr. A Pannevis gebore; *16 Feb. 1905*– Verplasing van die Teol. Skool na Potchefstroom; *18 Feb. 1546*– Maarten Luther oorlede; *19 Feb. 1896*– Dinamiet-ontploffing in Johannesburg; *21 Feb. 1877*– JD du Toit (Totius) gebore; *26 Feb. 1915*– Elizabeth Eybers gebore ; *27 Feb. 1881*– Slag van Amajuba; *27 Feb. 1900*– Slag en (beleg) Paardeberg oorgawe van genl. Piet Cronje